

KOERSVAS

Jaargang 5 Uitgawe 115 14 Julie 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings


REDAKSIONEEL

Nostalgie

Die een oom beweer nou die dag: "Hoe ouer ek word, hoe beter was ek in my jongdae." Daar is verskillende retoriiese- en denkmeganismes aan die werk in hierdie spogstelling. Aan die een kant is dit so dat die vaagheid oor die verlede dit moeilik maak om sodanige woubewerings te ontmasker. Aan die ander kant is ons as mensdom geneig om die goeie beter te onthou en selfs te romantiseer. Daarmee saam is mense geneig om hulle eie optredes sagter te takseer, veral waar niemand anders was of kan onthou nie.

Dit is 'n mediese gegewe dat mense nie pynself kan onthou nie. Ons kan die feit en oomblik van pyn oproep in ons geheue, maar die pyn self is vasgevang in daardie traumatische oomblik. Sou dit nie so wees nie, sou ons letterlik kon sterf van opgestapelde pyn-herinneringe. Ons het egter nog die littetekens ter stawing van ons onbesonnenheid of teëspoed van toeka se dae.

Hoe dit ookal sy, nostalgie is 'n integrale deel van elke mens se verwysingsraamwerk. Kallers van dieselfde jaar sal met heimwee by die kerk staan en gesels oor die goeie ou dae. Dit maak nie saak



watter jaar ter sprake is nie. Die goeie ou dae is elke volgende geslag se prerogatief. Hierdie eksklusieve aanspraak wil nie ander se hunkeringe minimaliseer nie, dit wil die eie koester. So is dit moontlik dat opeenvolgende geslagte met glinsterende oë vertel van klei-osse, Lego en Playstation. Jong mense se deurnag LAN¹ kan vir baie van ons nie vergelyk met 'n spannende kennetjie²-spel nie. Elke groep het met hart en siel deelgeneem aan die tydverdryf. Een geslag sal met hoë wenkbroue vra na die betekenis van 'LAN', terwyl die jong geslag sal wonder of kennetjie en die opsitkers uit dieselfde soutsak kom.

Dit is nie net speletjies en tydverdryf wat nostalgie aanwakker nie. Sake soos die ekonomie, sosiale strukture en selfs politiek verloor deur die wasige oë van nostalgie hulle skerp lyne. Rugby-nostalgie strek van

¹ LAN [lan \ laɪn] afk. (rekenaarwetenskap) lokaleareanetwork: Indien LAN gebruik word, kan een groot harde skyf met 40 megagrepe as geheue vir die hele netwerk ... dien - gebruik vir rekenaarspeletjies.

² ken'netjie s.nw. mv. kennetjies. Stokkie of stukkie hout, meestal rond, omtrent 3 tot 6 dm. lank en 'n halfduim dik of dikker, gebruik by die speel van elk van die spele kennetjie, wat, afhangende van die bepaalde spel of variasie daarvan, by die ente gelyk afgewerk is af 'n gespitste punt aan een of albei ente het.

Mannetjies Roux wat kon pypkan³, tot Frik se “drop, place en drie” en selfs daardie skepskop van Joel Stranski in '95.

Nostalgie is met ander woorde nie net beperk tot kallers van dieselfde jaar nie, maar dui op 'n gekoesterde herinnering wat van 'n deel van die verlede gedeelde grond maak. Ons moet dalk praat van kallers van dieselfde kraal. Tog is elkeen van ons deel van meer as een metaforiese kraal. Die WAT verwys na ons heimwee as “nostalgie s.nw. Sentimentele of soms buitensporige verlange na 'n dikwels geromantiseerde of geïdealiseerde tydperk, toestand of omstandigheid in die verlede.”

Ja, sekere herinneringe is buitensporig, maar sentimentaliteit is eie aan die mensekind. Dit hoef nie die verlede te regverdig nie, kan ook nooit prentjie-getrou aan die geskiedenis wees nie. Dit kan ook nie vergrype en foute regstel of ongedaan maak nie. Tog bring nostalgie mense bymekaar en laat dit die geleentheid vir goeie gesels. Die feitelike van die geskiedenis kan soms nostalgie ondersteun en dit soms uitwys as misplaaste heimwee. Ons kan dalk selfs nostalgies begin gesels oor dinge in ons eie seer verlede. Solank ons nie onself daaraan oorgee nie.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

BEROEPENUUS

Oostelike Pietersburg het ons in kennis gestel dat die gemeente ds Frans Marais van Grootvlei beroep het. Baie geluk aan ds Frans en die gemeente. Sterkte ook met

gesprekke en die besluit wat geneem moet word.

BYBELVASVRAE 2017

Ds van Rooyen laat weet:

Geagte Leraar, ouderlinge, diakens en lidmate

Die Gemeente rondte van die Bybelvasvra is om die draai en die vakansie is reeds meer as 'n week aan die gang. 18 Gemeentes het geantwoord aangaande hulle deelname al dan nie. Daar is tans 11 gemeentes wat laat weet het dat hulle gaan deelneem en hulle word hieronder saam met hulle streke gelys.

Indien u gemeente laat weet het dat u wel gaan deelneem en u gemeente naam verskyn nie hier nie, is dit moontlik dat 'n boodskap of e-pos my dalk nie bereik het nie en vra ek dat u my asb. voor of op 17 Julie 2017, daarvan in kennis sal stel.

Indien u gemeente nie laat weet het nie en u steeds aan die Bybelvasvra gaan deelneem, stel my asb. net teen 31 Julie 2017 in kennis dat u wel 'n gemeente rondte gehou het, sodat die beplanning vir die streek rondte in plek kan wees.

Gemeentes wat deelname bevestig is, het, is soos volg:

Gemeente Streek

Oshakati Noord Tvl.

Pietersburg Noord Tvl.

Roedtan Noord Tvl.

Bloemfontein OVS

Vrede OVS

Grootvlei Pretoria

Premiermyn Pretoria

Theresapark Pretoria

Koster Wes Transvaal

Rustenburg Wes Transvaal

Vryburg Wes Transvaal

Gemeentes word daaraan herinner dat die gemeente rondte se vraestelle deur die

³ pypkan ww., |het gepypkan het gepypkan. 1 a (t.o.v. rugby en verskeie ander balsporte) 'n Teenstander flous deur te systap of in 'n ander rigting te swenk as wat voorgegee is, of deur 'n fopaangee te gee:

gemeente self opgestel word en die streek rondte deur streek verteenwoordigers en die finale rondte deur myself. Ek gee weer die bestek en vraestel besonderhede hier deur.

Kategorieë:

- Laerskool Graad 1 tot 7
- Hoërskool Graad 8 tot 11
- Ander Matrieks en alle ander lidmate tot 120 jaar oud.

Spanne:

- 'n Span bestaan uit 2 tot 6 deelnemers per span
- Span moet 'n spannaam hê en elke spanlid se naam en van en ouerdom moet op die antwoordstel aangedui word.

Datums

Gemeente vasmvra: 30 Jul. 2017

Streeksvasvra: 13 Aug. 2017

Finaal: 27 Aug. 2017

Bestek:

- Laerskool:
1 Timoteus
- Hoërskool en Ope afdeling:
1 en 2 Timoteus

Heidelbergse Kategismus Sondae 31 tot 44
(Vraag en Antwoord 83 tot 115)

Vraestelle:

Vraestelle in al die onderskeie rondtes moet die volgende afdelings insluit:

A. Laerskool

- Meervoudige keuse (10 punte)
- Waar of vals (10 punte)
- Vul die ontbrekende woorde in (10 punte)
- Blokkiesraaisel (10 punte)
- Kort 1 punt antwoorde (10 punte)

B. Hoërskool en Ope afdeling:

- Meervoudige keuse (10 punte)
- Waar of vals (15 punte)
- Vul die ontbrekende woorde in (20 punte)
- Blokkiesraaisel (10 punte)
- Kort 1 punt antwoorde (15 punte)

- Vrae wat 2 of meer punte tel. (10 punte)
- Indien ek niks vîrder van u verneem teen 31 Jul 2017 nie, gaan ons voort met die spanne soos hierbo genoem.

Met Dank

KOMMENTAAR BESKIKBAAR

Die kern van die geloof wat ons bely, is reeds meer as 20 eeue oud. Tog stem ons en die eerste Christene saam. Dit wat ons glo, is dit wat aan hulle toevertrou is en wat hulle geglo het. Hoe werk dit? "EK EN ONS GLO" is die boek wat ons help om ons eie belydenis te verstaan. Ons word ook by die werk en elders getoets oor ons geloof. Hierdie boek sal ons help om met oortuiging die waarheid aan almal rondom ons te verduidelik. Geskryf in verstaanbare Afrikaans, is hierdie boek 'n baie handige instrument in ons wapenrusting van die geloof. @R140 per eksemplaar.

otto1@absamail.co.za, 082 767 7891 :

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5km van die Zambezi Tolhek
- nabij hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar
in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by
Villa Stoney
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op whatsapp beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

LEWENSBROOD 2018

Dankie aan al die predikante vir u wederdagte bydraes. (Yvette Otto)

DANKBUNDEL

Lidmate wat belangstel in prof HG van der Westhuizen se dankbundel moet met ds Jaap Steenkamp skakel.

GELOOFSBONDKWILT 2 (2017)

Die GHG dames se fondsinsamelings is ten bate van ons teologiese studente. Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente. Elke gemeente word herinner aan die versoek om 3 of meer lyste se kaartjies te verkoop. Lootjies word DV tydens die GHG-byeenkoms te Schweizer- Reneke getrek. Ak u vorms moet nou asseblief inkom.

GELOOFSBONDKWILT 3 (2017/2018)

Blokke moet nou in wees. Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke

- Konsistorieboeke
 - Reklame plakkate en ander drukwerk
- ella@teamworkprinters.com

UITNODIGING: BASAAR

SUIKERBOSRAND, 30 September 2017

Ons gemeente hou Basaar op die bogenoemde datum en wil u graag uitnooi om ons te ondersteun in hierdie groot poging. Daar sal genoeg te koop, te eet en te kuier wees.

Die basaar word op ons kerkgrond gehou te H/v Fenter en Merzstraat Heidelberg en begin reeds om 08:00.

Daar is ook twee veilings, 'n lappop en 'n windbuks.

'n Pen gemaak vanuit hout en been word ook aangebied en behoort 'n baie interessante item te wees.

Daar is uitstallers van verskillende maatskappye wat insluit: sonkragtoerusting, elektrisiteitbesparing, watersuiwering en ander items wat boere en dorp bewoners kan besigtig.

Die gewone basaarprodukte soos pannekoek, kerrie en rys, nagereg, braaivleis, produkte, naaldwerk en vele meer sal daar wees.

Vars gebakte brood op die terrein gebak !!
U ondersteuning en kuier sal hoog waardeer en op prys gestel word.

Vriendelike groete,

Nico van Huyssteen

Skriba

Hervormde Kerk Suikerbosrand